VERJAARSDAE : 3 TOT 9 FEBRUARIE 2008

02/03	SANDRA	MEYER	SMUTSLN 196	082 520 0186	08Aa
02/03	BOET	VAN DER WATH	HANS STRIJDOMLN 15	664 4406	22Aa
02/03	CARLA	VAN WYNGAARDT	KRUGERLN 187	664 3422	11Ac
02/04	JOHAN	NEL	HANS STRIJDOMLN 92	084 317 8820	18Ab
02/04	FRIEDA	COLLINS	STORMSTR 259A	083 714 5028	26Aa
02/05	FRANS	VAN DER WESTHUIZEN	FITZPATRICKWEG 50	664 3539	12Aa
02/05	HENNIE	STEYN	DF MALANLN 249	072 639 7653	07Aa
02/06	JOHAN	LANDMAN	SMUTSLN 254	664 4683	05Ab
02/07	WILHELM	MEISSNER	VAN RIEBEECKLN 189	664 3759	10Aa
02/07	MINETTE	PIENAAR	VAN RIEBEECKLN 277	664 4685	03Ac
02/07	WILLEM	VAN DER MERWE	KRUGERLN 207	664 4448	11Ac
02/07	ALFRIEDA	SCHOLTZ	HELDERBERG WS 5	343 8567	26Aa
02/08	TIENIE	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40	664 2746	21Aa
02/08	CHRISTEL	BEZUIDENHOUT	ZEELAND WS 1	664 6215	06Aa
02/09	CORNIE	FREYSEN	HANS STRIJDOMLN 150	664 6325	14Ab
02/09	CAROL	DE WILLERS	VAN RIEBEECKLN 57	664 2198	19Aa
02/09	MARTIN	STRAUSS	HANS STRIJDOMLN 120	664 0468	14Ab

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan oom Boet van der Watt wat vandag sy 83ste verjaarsdag herdenk. Mag die Here met u wees in die jare wat kom en mag u Sy liefde mildelik ervaar.

HUWELIKHERDENKINGS : 3 TOT 9 FEBRUARIE 2008

WOENSDAG, 6 FEBRUARIE

LANDMAN	JOHAN EN BLONDIE	SMUTSLN 254	664 4683	05Ab
CRAFFORD	PHILLIP EN ANADRA	VAN RIEBEECKLN 196	082 965 8609	10Aa

VRYDAG, 8 FEBRUARIE

HAMBRIDGE	PIETER EN LETTIE	DF MALANLN 127	664 2492	17Aa
CONRADIE	CONNIE EN PINA	KRUGERLN 285	664 4275	04Aa

SPESIALE GELUKWENSE

Baie geluk aan Connie en Pina Conradie wat Vrydag, 8 Februarie hul 50ste huweliksherdenking vier. Mag u baie geluk en liefde ervaar in die jare wat kom en mag die Here u ryklik saam seën.

TOER NA GRIEKELAND, GRIEKSE EILANDE, HOLLAND EN BELGIË

Dr. Louis Louw van Pretoria-Oosterlig reël ‘n oorsese toer (23 Maart - 5 April) na Bybelplekke in Griekeland asook die eilande Kreta, Santorini en Mykonos, afgesluit met ‘n bootvaart vanaf Amsterdam na Antwerpen. Dit sluit in ‘n besoek aan die tulpe van Keukenhof.

Skakel asb. direk vir dr. Louw (012-9931574 of 072-4616633) vir volledige besonderhede.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 3 Februarie 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 3 FEBRUARIE

Biddag Onderwys en Opvoeding
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Kommissieverslae inhandig

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
17:30 Jeugdiens (Kategese)
Geen belydenisklas as gevolg van kamp
19:00 Mosaïek

MAANDAG, 4 FEBRUARIE

19:00 Diakonie vergadering
19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 5 FEBRUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 6 FEBRUARIE

As-Woensdag

06:30 As-diens
17:00 Biduur
19:00 Nagmaal

DONDERDAG, 7 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering

SATERDAG, 9 JANUARIE

09:00 Optrede Retha McPherson
(Kyk op bl 5)

SONDAG, 10 FEBRUARIE

Sakelys Kerkraadsvergadering
09:00 Erediens:
09:00 Kindereredienste
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG, 1 FEBRUARIE

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 12 FEBRUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 13 FEBRUARIE

17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 14 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Parknavalvergadering

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 (664-2437) met Chris wat geval het en sy skouer ernstig beseer het. Hy is tuis (19Aa).
2. Lourens en Miets Struthers, Protea Aftreeoord 114 (664-4428) met Lourens wat ‘n operasie ondergaan het (Wyk 26Aa).
3. Zillah Raulstone (Krugerlaan 67, (664-3995) wat hierdie week ‘n oogoperasie ondergaan het (Wyk 20Aa).
4. Antoinette van Rensburg se vader (Fanie Lötter) wat ‘n heupvervanging gehad het.
5. Mike en Dina Fisher, Smutsln 190a (664-6244) met Mike wat ‘n operasie ondergaan het (Wyk 08Aa).
2. Meiring en Nelleke Gouws, Langebrinkweg 120 (664-3581) met Nelleke wat tuis herstel na operasies. Groot dank aan ons Hemelse Vader vir die beterskap (Wyk 26Aa).
4. Leon en Rosalia Barnard, Smutsln 266 (644-1323) wat herstel na ‘n ernstige motorfiets ongeluk (Wyk 05Ab).
6. Gerhardus en Charn Broekhuizen, Hans Strijdomln 9 (664-4640) met Gerhardus wat ‘n operasie ondergaan het (Wyk 22Aa).
7. Tannie Joey James, Van Riebeeckln 34 (664-3930) (Wyk 23Ab).

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Freddie en Alma Schoeman en familie met die afsterwe van Freddie se vader verlede Sondag.

Mag julle ons Hemelse Vader se nabyheid in hierdie tyd en die tyd wat kom ervaar en mag julle sy vertroosting ryklik beleef.

WEES VERGENOEG EN TEVREDE

Fil 4:11b en 13

Ds Odie Odendaal

Sondag 27 Januarie 2008

"Want ek het geleer om in alle lewensomstandighede vergenoeg te wees (Ou Vertaling) ... Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee".

Paulus praat hier van ten minste drie dinge, nl

1. Die lewe is 'n leerskool;
2. Dié skool behoort aan God om jou te vorm;
3. Christus is die geheim van sukses in die lewensskool.

- In Hebr 5:8 sê die skrywer dat Christus, al was Hy die Seun van God, gehoorsaamheid geleer het uit wat Hy gely het. Die lewe was sy leerskool en al het Hy baie geleer uit die mooi dinge het Hy gehoorsaamheid geleer uit die lelike dinge in sy lewe — dat mense Hom verwerp, Hom mishandel, soek om Hom dood te maak. Jesus het geleer dat dit die allerbeste is om die Vader altyd te gehoorsaam.
- Netso sê Paulus in Fil 4:11 dat hy geleer het om in alle lewensomstandighede vergenoeg te wees, sy innerlike rus en vrede te behou.

  Hy het nie geweet nie, hy moes leer. Hy moes leer om nie so gou kwaad te word nie, sy geduld te beoefen, vriendelik te wees, liefde te bewys, sy innerlike rus en vrede te bewaar.

  Aan die begin was hy jonk en ontstuimig, wou hy alles regsien en na sy smaak hê, maar toe ontmoet hy Christus en ontdek dat dit nie so werk nie. As jy God wil behaag moet jy soos Christus word en Hom navolg. Toe het hy geleer om geduld en liefde te beoefen. Dit bring hom baie verder en maak hom gelukkiger.
- Ons lewe is vol mense, omstandighede en dinge wat jou mateloos kan frustreer, jou innerlike rus versteur, jou kwaad maak en vuur laat spoeg.

  Dit laat jou die donker rand van die wolk sien en jy vergeet van die wonderlike inhoud van die wolk, die reën, die seën van die Here.

  Só sien jy ook nie die hand van die Here wat hamer en beitel aan jou lewe om die beeld van Christus uit jou lewe te kerf deur die moeilik irriterende omstandighede en mense nie.

  Die tiende gebod wat sê: "Jy mag nie begeer nie", sê dat jy die beskikkingsreg van God oor jou lewe moet aanvaar en nie teen die prikkels moet skop nie.

  In Ps 139:16 sê die psalmdigter: "al my lewensdae was in u boek opgeteken nog voor ek gebore is". Daarmee sê hy dat jy die hand van God moet raaksien ook wanneer dit nag om jou is. Sien dan hoe God jou slyp en vorm, tot lewensrypheid.

  Dag vir dag moet jy leer uit jou stampe en stote soos Jesus moes leer. Dag vir dag moet jy leer om jou pyn, frustrasies, hartseer, swaarkry en ergerlikheid na Jesus te neem en daar te laat.

Kom saam op 'n ontdekkingsreis

Ontdek saam met ons hoe God se droom vir jou lewe kan waar word: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede

Ontdek die vyf groot waarhede wat jou lewe kan verander

Volg die spoor van God in sy Woord en in jou lewe

Hoe volg ek die spoor van die Leeu van Juda?

- **Woon al die eredienste van 3 Febuarie tot 23 Maart 2008 by**
- **Pas die boodskap toe in jou huisgesin deur die huisgodsdiensriglyne te volg**
- **Word deel van 'n vriendskapsgroep wat elke week byemkaar kom**
- **Lees elke dag 'n dagstukkie in jou stiltetyd**
- **Maak die vyf groot waarhede so deel van jou lewe**

RAAK OOK OP ANDER MANIERE BETROKKE

Help ons om God se droom vir ons gemeente waar te maak

Meld aan deur die brosjure wat in die kerkbanke is te voltooi

GESKIEDENIS LYTTELTON-OOS

Prof Landman het gedurende Junie 2007 briewe uitgestuur aan lidmate wat 20 jaar en langer in die gemeente bly waarin hy vra dat lidmate asseblief sal skryf wat die gemeente vir hulle beteken het in die tyd wat hulle hier woon.

Die tyd raak nou min en prof vra dat u asseblief vir hom u gedagtes sal weergee indien u dit nog nie gedoen het nie. U hoef nie 'n "boek" te skryf nie! Enkele gedagtes sal waardeer word. U bydraes sal van onskatbare waarde wees in die toekoms.

CHRISTELIKE WELSYNSRAAD GAUTENG-OOS

VAKATURE MAATSKAPLIKE WERK (6/8)

Posvereiste: Geregistreerde maatskaplike werker
Standplaas: Pretoria
Salarispakket: Onderhandelbaar
Sluitingsdatum: 15 Februarie 2008

Navrae en aansoeke: Direkteur CWR Gauteng-Oos
Posbus 73314
Lynnwoodrif 0040
Tel: (012) 361 4613
Faks: (012) 361 4625
E-pos: info@cwroos.co.za

BAIE DANKIE ...

Ons wil graag ons innige dank en waardering uitspreek teenoor die Kerkraad, gemeentelede en vriende vir hulle liefde en ondersteuning die afgelope week na die afsterwe van Freddie se pa verlede Sondag. Dit het ons deur 'n moeilike en hartseer tyd gedra.

Baie dankie vir die blomme, die besoeke en talle telefoonoproepe. Dit is in tye soos dié dat 'n mens weer eens besef dat ons nie alleen is nie, maar dat die Here deur middel van medegelowiges troos!

Freddie, Alma en kinders

ID-NOMMERS

Baie dankie aan lidmate wat gereageer het op op die strokie. Dit is van groot hulp in die opdatering van die databasis.

U kan gerus ook u huweliksdatums deurgee!!

Max

Dag vir dag moet jy leer dat Christus die geheim van 'n oorwinningslewe is.

- Dit vra geloof.
  As Job nie geglo het nie kon hy nie op sy ashoop sit nadat al sy besittings gesteel is, die mense en sy vriende hom verlaat het en hy oortrek was van sere en uitroep: "Ek weet my Verlosser leef". "Ek weet God leef en is saam met my hier op die ashoop en eendag sal Hy my herstel. Ek weet dit". En toe hy uitgeroep het: "Al sal Hy my doodmaak, nogtans vertrou ek op Hom". Hy ontvang sy ellende uit die hand van God.

  As Stefanus nie geglo het nie kon hy nie terwyl die klippe op hom reën en hy gestenig word, sy innerlike rus en vrede behou, opkyk en Jesus sien en bid: "Here vergeef hulle hierdie sonde" nie.

  Dit was liefde.

  Geloof en liede sal jou help om in die lewensskool van God te leer om jou innerlike rus en vrede te hou wanneer jy langdurig 'n baie sieklike persoon moet oppas, 'n moeilike huweliksverbintenis het, jou geduld tot die uiterste beproef word deur 'n senior by jou werk wat swakker gekwalifiseer is as jy, minder ervaring het en minder weet maar vir jou kom vertel wat en hoe jy dit moet doen.

- Indien jy probleme daarmee het en sukkel moet jy jou afvra of jou verhouding met Jesus reg is. Staan Hy sentraal in jou lewe? Kan jy met Paulus uitroep: Vir my is die lewe Christus?

  In Fil 4:13 sê Paulus: "Ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag gee".

  As gelowiges sê ons ons glo in Christus, maar as ons probleme kom is Hy net 'n randfiguur. Ons kyk nie op na Hom vir 'n antwoord nie en kry nie by Hom ons krag nie.

  Laat jou lewensstorms jou na Christus waai en daar by Hom, doen wat Hy vra: verloën jouself, neem jou kruis op en volg Hom. Leef soos Hy geleef het: Leef met die regte verhouding tot God, en met die regte verhouding tot jou medemens — reik uit na hom in liefde en deernis.

  Laat Christus jou lewe vul met die Heilige Gees wat in jou al die vrug sal werk van sy teenwoordigheid.

  Dan sal jy saam met Paulus kan sê: Ek het geleer om in al my lewensomstandighede vergenoeg te wees want ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

  (Lidmate het gevra dat ons hierdie preek van ds Odie plaas. Dit is 'n aansluiting by die preek van Sondag 9 Desember 2007).

LYDENSTYD

Lydenstyd begin eerskomende Woensdag. Op Aswoensdag, soos dit bekend staan, kom ons gemeente twee maal bymekaar:

- ***die oggend (06:30) om die as-kruis te ontvang en***
- ***die aand (19:00)om Nagmaal te vier.***

Tydens beide geleenthede val die fokus op skuldbelydenis, sondervergifnis en nuwe toewyding—met ander woorde op die feit dat die Here ons nuwe mense maak.

In Lydenstyd fokus ons op die droom wat die Here vir ons het: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede—'n lewe wat vir ons moontlik geword het met die lyding, kruisiging en opstanding van Jesus.

Ons volg in hierdie tyd in die voetspore van Jesus (10 Februarie). Terwyl ons agter Jesus aan loop, leer ons dat ons 'n Vader in die hemel het wat ons liefhet (17 Februarie), wat vir ons sorg (24 Februarie), wat ons elke dag nuwe moed en krag gee (2 Maart), wat ons heelmaak en nuutmaak (9 Maart) en wat ons roep en stuur as sy dissipels (16 Maart).

Die laaste week (16 Maart—23 Maart) is die week van gehoorsaamheid, die Groot Lydensweek. Elke aand is daar 'n erediens en Donderdag ons vier die instelling van die Nagmaal. Hierna sterf ons saam met Jesus (Goeie Vrydag), word ons saam met Hom begrawe (Stil Saterdag) en staan ons saam met Hom op (23 Maart).

Ons aanskou ook hoe 'n klompie jong gelowiges hulle geloof bely tydens 'n besondere middernagdiens 22-23 Maart—dit tyd van die opstanding!

Gedurende Lydenstyd vas ons van iets wat normaalweg vir ons lekker en aangenaam is (byvoorbeeld soetgoed of TV!)—om daarmee met die lydende Christus te identifiseer.

Elke gelowige word uitgenooi om hierdie pad saam te loop ... op die voetspoor van die Leeu van Juda.

(Vir meer inligting oor die kerklike jaar, kyk op die internet by http://www.lytteltonoos.org.za/kerkjaar/index.htm).

OPTREDE RETHA MCPHERSON

SATERDAG, 9 FEBRUARIE : 09:00

FONDSINSAMELING JEUGAKSIE LYTTELTON-OOS

Kom luister gerus – Retha is 'n uitstekende spreker en motiveerder. Bring julle vriendinne en vriendinne se vriendinne en dogters en kom geniet 'n heerlike oggend saam met ons.

Julle teenwoordigheid sal waardeer word.

RUSOORD—PROGRAM 2008

Môremark : 29 Maart 2008.
Konsert :24 Mei 2008 (Meer inligting sal aan u gestuur word)
Môremark : 1 November 2008.

Ons vra ook dat lidmate hulle store, hang- en gangkaste, motorhuise en wendy's sal deurgaan en ALLE oortollige items wat daar lê en stof opgaar by Rusoord kom aflaai. Ons benodig BAIE items vir ons wit olifanttafel. U weet mos - sonder ons kerke/ lidmate se ondersteuning kan Rusoord nie die nodige fondse genereer om die deernisgevalle te versorg nie. Help Rusoord om die inwoners te versorg wat nie finansieel instaat is om die versorgings-koste te betaal nie.

Baie dankie vir u ondersteuning

ID-NOMMERS

As u onseker is of u id-nommers op die databasis is, vul asseblief die onderstaande vorm in. Die id-nommers word genodig om lidmate by die argief te sentraliseer. (Dit is veral die kinders van wie ons nie id-nommers het nie).

OUERS: Vader: ……..
Moeder: ……..

KINDERS: 1. ……..
2. ……..
3. ……..
4. ……..

Dit sal waardeur word indien u hierdie inligting aan Max Amsenga kan deurgee by Krugerlaan 286 (664-3629) of u kan die strokie in 'n koevert in die kollektebordjie plaas. Baie dankie vir u samewerking. (Kinders se nommers vind u op hul geboorteregistrasievorm).